# Sonnerad

**NUUSBRIEF** VAN DIE SA VERENIGING VIR KULTUURGESKIEDENIS
**NEWSLETTER** OF THE SA SOCIETY FOR CULTURAL HISTORY

JG 41, NR 1
VOL 41, NO 1

www.savk.org

Maart 2024
March 2024



Erfurthuis, Stellenbosch

## Wat is nuus? In the news

Nuus van die Raad / News from Council

Lief en Leed / Love and Loss

(R)essensie / (Re)view

Museum- en erfenisnuus:

- Stellenbosch Dorpsmuseum open nuwe uitstalling
- Call for papers
- Voortrekkermonument se Pioniersentrum kry nuwe uitstalling
- Genealogiese navraag
- Teken dié datum aan

## Redakteursbrief

Die nuwe jaar het afgeskop en ons sien uit na ‘n verskeidenheid erfenisbedrywighede dié jaar! Hopenlik sien ons jou by hierdie jaar se SAVK-kongres - moet dit nie misloop nie!

Lees in dié uitgawe van ons nuusbrief oor ons lede se erfenisnuus en gebeure wat die jaar nog moet plaasvind. Stuur gerus enige erfenisnuus en gebeurtenisse deur die jaar aan Lizette Jansen by lizetteniemand1@gmail.com om in die *Sonnerad* geplaas te word.

## Editor's letter

The new year is well underway and we are looking forward to a variety of heritage activities! Hopefully we will see you at the SASCH Conference - don’t miss out!

Read our members' contributions on heritage news and events in the pipeline for 2024, in this issue of our newsletter. Please send any heritage news and events to be advertised in the *Sonnerad,* to Lizette Jansen at lizetteniemand1@gmail.com.

# Nuus van die Raad / News from Council

Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis het 'n belangrike rol te speel in 'n landskap wat besig is om in baie opsigte te transformeer. Kultuur het die potensiaal om skeurings in 'n gemeenskap te veroorsaak, maar dit het baie groter potensiaal om te bind en te heel. Wanneer kultuur met 'n akademiese grondslag bestudeer word, word die potensiaal om raakpunte tussen kulture uit te wys, nog groter.

As a society claiming to investigate cultural history in general, but with a focus on South Africa, the activities and especially the journal of the SASCH should reflect the variety of cultures in South Africa. It is the responsibility of each member to attempt to extend our membership to all South Africans and to be as inclusive as possible. We need contributions in the form of papers at conferences and articles for the journal that convert the endless opportunities of a multi-cultural society into academic studies.

The website of the SASCH is receiving serious attention at present. We have moved to a new service provider and we hope that the website will be active by the beginning of May 2024.
Die nasionale kongres van die SAVK is altyd 'n gulde geleentheid om kollegas te ontmoet, nuwe vriende te maak, netwerke uit te brei en ons land se ryk kultuurerfenis te vier. Die 2024-kongres vind plaas van 19 – 20 April in Stellenbosch. Die tema is "Die rol van genealogie in kultuurhistoriese navorsing" / "The role of genealogy in cultural historical research". Please try to attend this conference which promises to cover some fascinating topics and invite your colleagues and friends to join us in Stellenbosch.



**Prof Matilda Burden**
**Voorsitter / Chairperson**

---






# Nasionale Kongres van die SAVK

Die Nasionale Kongres van die SAVK word op 19 tot 20 April 2024 in Stellenbosch by die Erfurthuis aangebied. Hierdie jaar se tema is *Die rol van genealogie in Kultuurhistoriese navorsing* met referate wat deur kenners van regoor die land aangebied word, insluitend:
Alta Jamieson • Karin Harris • Astrid Schwenke • Vanessa Mitchell • Francois Cleophas • Matilda Burden • Robyn Schnell • Kobus du Pisani • Annemarie van Zyl • Claudia Gouws • Leonie Marais • Natascha Louw • Elmar du Plessis • Anton van Vollenhoven • Gerda Coetzee • July Seirlis • Nic Dinham • Elmien Wood • Annemarie Carelsen • Wendy Cox

Kontak Matilda Burden om in te skryf.

# National Conference of the SASCH

The National Conference of the SASCH will be presented on 19 and 20 April 2024 in Stellenbosch at the Erfurthuis. This year's theme is *The role of genealogy in Cultural Historical research* with papers presented by experts from across the country, including:
Alta Jamieson • Karin Harris • Astrid Schwenke • Vanessa Mitchell • Francois Cleophas • Matilda Burden • Robyn Schnell • Kobus du Pisani • Annemarie van Zyl • Claudia Gouws • Leonie Marais • Natascha Louw • Elmar du Plessis • Anton van Vollenhoven • Gerda Coetzee • July Seirlis • Nic Dinham • Elmien Wood • Annemarie Carelsen • Wendy Cox

Contact Matilda Burden to submit your entry.

---

# Onthou om jou lidmaatskap te hernu!


Dis weer tyd om jou SAVK-lidmaatskap te hernu. Indien jy nog nie jou lidmaatskap vir 2024 hernu het nie, klik op die skakel hieronder om die lidmaatskapsvorm te bekom:
https://savk.org/vorms-forms/

# Remember to renew your membership!

It's time to renew your SASCH membership. If you haven't renewed your membership for 2024, click on the link below to access the membership form:
https://savk.org/vorms-forms/

---

## In Memoriam




Dit is met groot hartseer dat ons verneem het van dr. Hans Heese se afsterwe op Maandag, 18 Maart 2024 te Stellenbosch. Dr. Heese was een van die mees gerekende geskiedskrywers en deskundige op die gebied van die bevolkingsamestelling van die vroeë Kaap, en veral die slawegeskiedenis. Hy was ‘n skrywer, navorser, en professor, en het bekendheid verwerf vir sy baanbrekerswerk *Groep sonder Grense* (1985). Hy was ook as ‘n reus in die wêreld van genealogie geag.

Dr. Heese se heengaan laat ‘n groot leemte en hy sal gemis word.

## In Memoriam

It is with great sadness that we learned of Dr. Hans Heese’s death on Monday, 18 March 2024 at Stellenbosch. Dr. Heese was considered one of the greatest historians and an expert on the population composition of the early Cape, and especially regarding the history of slavery. He was a writer, researcher and professor, who was known for his ground breaking work *Groep sonder Grense* (1985). He was also regarded as a giant within the field of genealogy.

Dr Heese leaves a substantial void and will be missed.

# (R)essensie / (Re)view

deur Emile Coetzee

**Indien 'n lid graag ‘n boek wil resenseer wat nog nie geresenseer is nie en gedurende die laaste drie jaar gepubliseer is, kan die boekresensie-redakteur, mnr. Emile Coetzee, via e-pos gekontak word (e-pos hieronder).**

**Indien u sou belangstel om die volgende boeke te resenseer, kontak Emile Coetzee gerus:**

Karel Schoeman, *Moederstad: Die Kaap in die naoorlogsjare 1902-1910* (Protea Boekhuis, Pretoria, 2023)


Boris Gorelik, *A Russian on Commando: The Boer War Experiences of Yevgeny Augustus* (Jonathan Ball Publishers, Johannesburg, 2022)

Beverley Roos-Muller, *Bullet in the Heart Four Brothers ride to war 1899-1902* (Johnathan Ball Publishers, Johannesburg, 2023)

Ted Botha, *Daisy de Melker: Hiding among killers in the City of Gold* (Jonathan Ball Publishers, Johannesburg, 2023).

**Emile Coetzee se e-posadres is: emile.coetzee@nwu.ac.za**

**Boeke word via koerier na die belangstellende resensent gestuur wat 12 maande het om die boek te resenseer en die resensie aan Emile te stuur.**



# CALL FOR PAPERS
# 3rd Regional History Society of Southern Africa Conference

Date: 25-26 November 2024
Venue: Protea Hotel, Lusaka Tower
Address: Arcades Shopping & Entertainment Complex Corner Thabo Mbeki and Great E Rd, Lusaka 10101, Zambia
Keynote Speaker: Prof. Ackson Kanduza (University of Zambia)
Theme: Labour, Migration and Agency in Southern African History

The Regional Historical Society of Southern Africa, established by a consortium of universities hold its first ever face-to-face annual conference after two virtual webinars in respectively 2022 and 2023, will in partnership with the School of Social Sciences at the North-West University and the Department of Historical and Archaeological Studies at the University of Zambia. This face-to-face conference will take place in Lusaka, Zambia on 25 and 26 November 2024.

Africa has been viewed as a continent of mass migration and displacement occasioned by economic deprivation, conflict, and environmental degradation. Migration dynamics in southern Africa have, since time immemorial, been complex. For centuries, the region has been a place of the origin, transit, and destination of men, women, and children on the move.

These migrants have either moved to new places which they in turn made their permanent homes or in some cases, migrated with the intention of returning home after a limited period. People in southern Africa have historically migrated because of various pull and push factors ranging from the search for better economic opportunities, to escaping monotonous village life, and the desire to earn money to pay newly introduced colonial taxes. In the modern era, southern Africa experiences a high volume of migration among different age groups owing to work opportunities in various economic sectors such as mining, manufacturing, and agriculture in more economically advanced countries. Others, however, migrate for a myriad of political or social reasons.

The migration of people in southern Africa has contributed to a more flexible labour market, and a large pool of skills from which employers are able to tap. It has also led to personal benefits for migrants and their families such as an improved livelihood, educational opportunities, and safety from political prosecution at home. On the other hand, communities hosting migrants have, in some cases, complained about their own dwindling economic possibilities due to the presence of foreign labour in their midst - leading, in the most severe cases, to xenophobic attacks. The RHSSA therefore saw it fit to host a conference on the theme Labour, Migration and Agency in Southern African History. We cordially invite you to consider joining us for this debate!

Sub themes:
· New pathways in southern African historiography
· (Trans)regional histories of southern Africa: New trends and developments
· Thinking about regions from a regional history perspective in Southern Africa
· Relay migration in southern Africa
· Globalisation and migration in southern Africa
· Migration and state relations in southern Africa
· Coloniality and migration in southern Africa
· Labour histories of the southern African region
· Any other related southern African related historiography topic

Keynote Speaker: Prof. Ackson Kanduza (Zambian Open University)

Abstract Submissions:
Due date for CFP Submissions (250 words max including the abstract title and a short bionote): 31 May 2024
CLICK HERE for abstract submissions.

Conference fee and registration:
Please note: Conference and society membership payments will only be activated after the abstract deadline – 31 May 2024.

---

# Voortrekkermonument se Pioniersentrum kry nuwe uitstalling

Die opvoedkundige sentrum wat in 2019 geopen is op die Voortrekkermonumentterrein sal vanaf 5 April 2024 weer oop wees vir die publiek met 'n nuwe uitstalling. Die Pioniersentrum, 'n interaktiewe opvoedkundige sentrum, vertel die storie van die Afrikaner se kultuurgeskiedenis en -erfenis na die Groot Trek tot die Anglo-Boereoorlog (1854 - 1902). Die sentrum bestaan uit verskeie areas vir 'leer', 'vat-envoel' en 'aktiwiteitsruimtes' sodat kinders op 'n prettige manier meer oor hulle herkoms kan leer. Dit sluit ook aan by talle tradisionele aktiwiteite wat op die sentrum se werf beoefen word insluitend tradisionele broodbak, boeresport, en perdry.


Kinders leer om kleibakstene by die Pioniersentrum te maak.

Hierdie uitstalling vorm deel van die terrein se geheelbeeld om 'n kronologiese tydlyn te skep op die Voortrekkermonument-terrein. Hier kan besoekers en skoliere meer kom leer oor die Afrikaner se geskiedenis en herkoms vanaf die Groot Trek (Voortrekkermonument en trekroete tuin), die Republieke se vestigingsjare (Pioniersentrum), die Anglo-Boereoorlog (Fort Schanskop) tot en met die hede (Toekomsbou Museumteater).

---

# Genealogiese navraag...

‘Prof. Jan Visagie is tans besig met 'n kort studie oor Jacobus Christoffel Potgieter, Voortrekkerkommandant, met die bynaam Koos Grootvoet. Hy ondervind nog probleme om vas te stel waar hy na sy Natal-verblyf gevestig het en oorlede is. Indien enige van ons lede inligting het wat kan help met die studie kontak asb. vir prof. Visagie by jancvisagie1@gmail.com.
Prof. Visagie het ook ‘n publikasie voltooi oor die Visagie-stamvader. Indien enigiemand belangstel om die publikasie te bekom, kan hy direk gekontak word.

Prof Jan Visagie is currently researching Jacobus Christoffel Potgieter, Voortrekker Commandant, nicknamed Koos Grootvoet. He is trying to determine where Koos settled and passed away after he left Natal. Should any of our members have information that could be of value, please contact Prof Visagie at jancvisagie1@gmail.com.
Prof Visagie also completed a publication on the Visagie-family. To obtain a copy of the publication, he can be contacted directly.

---

# Teken dié datum aan

‘Die FAK met Isabel Groesbeek as mede-projekleier kombineer vanjaar weer die Genealogiefees met die Voortrekkermonument se Erfenisfees. Omkring Erfenisdag, 24 September in jou dagboek. Ruimte vir stalletjies is beperk - maak seker jou plek word gereserveer deur Isabel Groesbeek by isabel@kultuurtuiste.org.za te kontak.

---

Hierdie uitgawe van die *Sonnerad* is saamgestel en versorg deur Lizette Jansen.
Taalversorgers: Estelle Pretorius (Afrikaans)
Cecilia Kruger (Engels)

Die Sekretaris
SA Vereniging vir Kultuurgeskiedenis
Posbus 11403
Hatfield
0028
RSA
petra@kultuurtuiste.org.za

SERVAMUS ET CREAMUS

The Secretary
SA Society for Cultural History
Po Box 11403
Hatfield
0028
RSA
petra@kultuurtuiste.org.za